**PARKSIG**
**EIENDOMSAGENTSKAP**
* HUISE
* PLASE
* PLOTTE
* BESIGHEDE
* STANDPLASE

*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*

**1486** ——— **Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die **Wapad**

**CLAASSEN & GROBLER**
**(EDMS.) BPK.**
**Kerkstraat 193**
**POTCHEFSTROOM**
★ ***MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS***

**JAARGANG XIX** **8 OKTOBER 1963** **Nr. 1**

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# PROFESSOR CHRIS TREE AF

## *P.U. VERLOOR STAATMAKER*

DEUR volharding kom beloning, beloning wat met die voleinding van die jare kom. Dit is die voleinding van toegewyde arbeid met 'n vaste vertroue dat wat die hede bied om te doen, gedoen móét word en dat dit noú gedoen moet word. Waar professor Chris Coetzee in die moeilike jare van die vorming van die Afrikaner opgegroei het, waar hy te midde van die ontwikkeling van ons volk gestaan het met die aanvang van die daadwerklike kulturele stryd na die Anglo-Boereoorlog, was volharding 'n slagspreuk wat aan die lewe en strewe van elke Afrikaner-student ten grondslag gelê het. Daar was 'n moeilike stryd om aan te knoop, in elke opsig was daar groot velde waar vorming in 'n bepaalde rigting noodsaaklik was vir die bewaring van die eie in ons volkslewe, en nie net vir die bewaring daarvan nie, dog ook vir die kragtige uitbouing en daarstelling van ons eie. Deur die jare het professor Chris vir die Afrikaner 'n eie opvoedkunde daargestel wat met enige ander struktuur van opvoedkunde vergelyk kan word. Professor Chris het die tradisies van die Boer en sy godsdiens op 'n wetenskaplike grondslag saamgevleg, waarvan ons vandag die rype vrugte kan pluk in die veelbetekende C.N.O.



**Prof. en Mev. COETZEE**

**Ten grondslag van sy opvoeding het sy kinderjare en die liefde vir sy ouers gelê, met die daaropvolgende onderwys wat hy eers in sy geboortedorp Venterstad en later op Worcester ontvang het. In 1912 het hy die gemengde graad B.A.-Sc. behaal aan die Teologiese Skool te Potchefstroom waarna hy sy Unie O.I.-eksamen aan die Grey Universiteitskollege te Bloemfontein afgelê het in 1914**

Nadat hy sy onderwyserskursus voltooi het, het hy agtereenvolgens op verskillende plekke skoolgehou. Eerstens was hy onderwyser aan die Gereformeerde Gimnasium en Opleidingskollege te Steynsburg, waarna hy na Potchefstroom verhuis het as onderwyser aan die Gimnasium. Later was Professor Coetzee verbonde aan die plaaslike Onderwyserskollege van Januarie 1920 tot Desember 1924. Vanaf 1925 is hy voltyds werksaam aan die P.U.K. vir C.H.O.

Vanaf 1919 het hy hier deeltyds gewerk as lektor in Wiskunde, Toegepasde Wiskunde en Natuurkunde en daarna as lektor in Opvoedkunde. Met die stigting van die Fakulteit van Opvoedkunde is Professor Coetzee benoem as permanente dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde, die enigste permanente Dekaan aan die P.U.K. Met tussenposes van twee jaar, vanaf 1921 tot 1925, het hy sy M.A., M.Ed. en Doktorsgraad behaal as student van die Universiteit van Suid-Afrika.

Hierdie was egter maar net voorbereidende werksaamhede vir die groot taak wat Professor Coetzee in die stilte verrig het. Hier kan maar net een baie duidelike bewys gelewer word van wat hy aan die nageslag gegee het, en u word verwys na die boeke en talryke artikels, wat van die grootste belang vir die Afrikaanse Onderwyser is en wat 'n standaard daarstel waaraan die omvang en groei van Opvoedkunde in Suid-Afrika gemeet kan word. Hierdie werke spreek vir hulself, hulle is die teks waaraan die onderwyser sy onderwys meet, hulle is die teks wat geld as grondslag van die opvoedkunde in Suid-Afrika, hulle is die bewys van die groei en ontwikkeling van die opvoedkunde in ons land . . . hulle is die „Boeke van die Onderwys'' in Suid-Afrika.

Dat professor Chris hom uiteindelik tot die Opvoedkunde gewend het, was nie 'n uitgesproke ideaal by hom toe hy sy eerste studies begin het nie, maar 'n geleidelike ontwikkeling. Eers wou hy predikant word en hy het dan ook sy studies in hierdie rigting georiënteer. (Vandaar sy kennis van Klassieke en Moderne Tale.) Die vader van Prof. Snyman, die oprigter van die Gimnasium te Steynsburg, het egter die ouers van Professor Chris oorreed om hom as onderwyser te laat oplei, en nadat hierdie gedagte by hom posgevat het, het die Unie O.I.-eksamen die deurslag gegee tot sy belangstelling in die Opvoedkunde. Later, 1920—1923, het Professor Chris dan ook die O.I.-studente aan die P.U.K. opgelei.

Daar was egter ook persone en omstandighede wat vormend op die jong kind en student ingewerk het. Sy eerste onder-

**(Vervolg op bl. 2.)**

# In Memoriam



Die teraardebestelling van wyle prof. I. J. van H. Fourie, het Maandagmiddag, 23 September om halfvier met akademiese eerbetoon uit die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Noord plaasgevind. Wyle prof. Fourie, in lewe hoof van die departement Engels aan ons universiteit, is Vrydagmiddag omstreeks vyfuur in die Potchefstroomse hospitaal oorlede na 'n aanval van trombose.

Wyle prof. Fourie is op 7 Oktober 1902 in Jamestown gebore. Hy het eers aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer waar hy in 1926 die graad B.A. verwerf het, en in 1928 sy H.O.D. aan die Potchefstroomse Universiteit. Hierna het hy eers 'n jaar op Lindley onderwys gegee en daarna sowat nege jaar op Seodin, Kuruman. Intussen het hy ook sy M.A.-graad in 1946 behaal. Hy het daarna agt jaar op Graaff-Reinet skoolgehou en toe weer 'n jaar op Seodin.

In 1945 het hy die aanstelling aanvaar as senior lektor in Engels aan die P.U.; in 1946 behaal hy sy D. Phil. en in 1956 D.Litt. In 1959 het hy ook mede-professor geword en in 1960 professor en hoof van die departement Engels. Hy was ook die eerste Afrikaanssprekende wat hoof van 'n departement Engels aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit geword het.

Wyle professor Fourie het ses maande aan die Universiteit Cambridge gestudeer. Aan die begin van 1961 was hy deur die departement Onderwys afgevaardig om 'n konferensie in Uganda by te woon oor die dosering van Engels as tweede taal.

Professor Fourie was ook voorsitter van die Roosterkomitee wat 'n baie moeilike en ingewikkelde werk was. Hy het 'n stelsel uitgewerk wat die werk aansienlik vergemaklik het.

Mnr. Piet Bosman, president van die Wes-Transvaalse Rugbyunie, het gesê dat wyle professor Fourie in 1945 begin het as skeidsregter en ook in die hoedanigheid opgetree het in interprovinsiale wedstryde.

Daarna is hy verkies as voorsitter van die Wes-Transvaalse skeidsregtersvereniging. Hy het Wes-Transvaal verteenwoordig op die Uniale Konferensie van die S.A. skeidsregtersvereniging.

Daarna is hy verkies as voorsitter van die Wes-Transvaalse Keurkomitee wat ook die seniorkomitee is van die W.T.R.U. By sy afsterwe was hy voorsitter daarvan.

Ook op die gebied van tennis was hy 'n uitblinker. Reeds op Graaff-Reinet het hy tennis van hoë gehalte gespeel. Hier het hy veral leerlinge afgerig wat later goed gepresteer het.

In Potchefstroom het hy in die eerstespan gespeel en ook Potchefstroom verteenwoordig op Ellispark om die Plattelandse skildwedstryde.

Hy laat 'n eggenote en twee kinders na.

# PROF. CHRIS TREE AF

**(Vervolg van bl. 1.)**

wys het Professor Chris aan 'n C.N.O.-skool ontvang en ook later sy eerste onderwys aan 'n C.N.O.-skool gegee. Benewens hierdie omstandighede noem Professor Chris ook self die invloed van Paul Roos, die hoof van die skool te Worcester, en praat hy met waardering van die invloed van Professor G. Knothe onder wie hy hom bekwaam het in die Opvoedkunde. Dit was die finale vorming wat hom laat belangstel het in die Opvoedkunde.

As student was Professor Coetzee besonder aktief, en hy het dan ook deelgeneem aan die veelvormigheid van die studentelewe. Hy was 'n ywerige rugby- en krieketspeler. Van sy sportaanleg getuig die feit dat hy gekies is om deel te neem aan die proefwedstryde van 1912 met die oog op die samestelling van 'n Springbokspan wat na Engeland sou gaan. Studies het hom egter verhinder om deel te neem. Dit is ook met aangename herinneringe dat hy terugdink aan die dae van die ,,Country Cup". Vir die P.U.-studente sal dit interessant wees om te weet dat Professor Chris kaptein was van Theos toe hulle vir die eerste keer die Blaine-beker verower het in 1918. Professor Chris was verantwoordelik vir die stigting van die eerste Boksklub en die eerste Krieketklub aan die P.U.K. Benewens hierdie sportsoorte het hy ook deelgeneem aan verskeie ander sportsoorte. Tot in 1949 het Professor Chris nog deelgeneem aan gimnastiek, en dit word rondgefluister dat hy sommer 'n uithaler-gimnas was.

Sy verdere aktiwiteite in die studentelewe is veral in beslag geneem deur redakteurswerk. Onder meer was hy mede-redakteur van die ou A.S.B.-blad, ,,Die Banier". Op Bloemfontein was hy medeverantwoordelik vir die blad wat hulle daar uitgegee het.

Tot in die vyftigerjare het Professor Coetzee nog 'n belangrike posisie in die onderwyswêreld beklee. Afgesien van die verskillende redaksie-poste wat hy beklee in verband met die onderwys moet vermeld word dat hy lid en later voorsitter van Koers was solank as wat dit bestaan. Daarbenewens was hy vroeër die opvoedkundige korrespondent van die Amerikaanse blad, "The Calvin Forum". Hy was ook voorsitter van die Komitee van Opvoedkunde en Sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Nog 'n spesiale woord moet bygevoeg word oor die aandeel wat Professor Chris gehad het in die C.N.O.-beweging. Hy was lid van die I.C.N.O.-bestuur en ook lid van die Dagbestuur van hierdie organisasie. So het Professor Coetzee 'n belangrike rol in die organisasie van die C.N.O. gespeel. Hy was ook mede-verantwoordelik vir die samestelling van die brosjure wat spesifiek handel oor die C.N.O.-beleid en daarna grotendeels verantwoordelik vir die verdediging daarvan teen die aanvalle van andersdenkendes.

Menige student het sekerlik al opgemerk dat Professor Chris nooit in die kerk sing nie. Hiervoor is daar 'n baie goeie rede. Terwyl hy nog op skool was, het 'n sekere onderwyseres die toonladder voor hom opgehang en hom in Engels



**1918 Theos-kaptein**

beveel: ,,Sing"! Hy het so iets nog nooit gesien nie . . die uiteinde, hy sing vandag nog nie! 'n Ander insident waarvan Professor Chris met 'n glimlag praat, is die sogenaamde ,,Dutch-Mark" - episode. Indien hulle betrap is op skool dat hulle Afrikaans praat, word 'n naambord om hul nek gehang met die woorde: ,,I must not speak Dutch." Die persoon wat die plank aan die einde van die week dra, het gewoonlik onder die lat deurgeloop.

So leer menige student Professor Coetzee, of soos hy algemeen onder die studente bekend staan, Professor Chris, ken as 'n baie aangename persoon wat almal met raad en daad sal bystaan; so leer ons hom ken as vriend.

Aangesien dit nou bekend geword het dat prof Coetzee op 31 Desember 1963 die tuig sal neerlê as Rektor van hierdie Universiteit na 'n dienstydperk van tien jaar, wil ,,Die Wapad" hiermee graag ook hulde bring aan prof. Coetzee, ons geagte Rektor en—ons stel dit met groot vrymoedigheid—ons studentevriend.

Prof. Coetzee is op 1 Desember 1953 as Rektor van hierdie Universiteit benoem. Gedurende die tydperk wat prof. Coetzee die rektoraat behartig het, het die Universiteit fenomenaal onder sy leiding en toesig gegroei. Einde 1953 was daar 1,016 studente aan die Universiteit ingeskryf. Hierdie studentetal het jaarliks uitgebrei sodat die studentetal vanjaar op 2,118 te staan kom. Gedurende sy ampstermyn het die volgende geboue op ons campus verrys:

Totius Gedenksaal, Kafeteria en Studentekantore; Nuwe Fisikagebou; Tegniese afdeling en Voorraadgebou; Nuwe Chemielaboratorium; Gebou vir die Administrasie; Nuwe Plantkundelaboratorium; Nuwe Huishoudkunde - laboratorium, Nuwe Konservatoriumgebou; Nuwe Dierkundelaboratorium; Uitbreiding aan die Biblioteekgebou; Nuwe Sielkundelaboratorium; Nuwe Fisiologiegebou; Nuwe glashuis vir die Plantkundelaboratorium; Gebou vir die kernversneller en bykomtige aanpassende geboue.

Op die oomblik is daar nog in aanbou:

Die nuwe Farmasielaboratorium; Die gebou vir Industriële Chemie; Die F. J. du Toitgedenkgebou vir Lettere; Plan ne is ook reeds goedgekeur vir 'n ontspanningsaal vir die studente en verruiming van die Kafeteria en die Studenteraad se kantore.

Die volgende is gebou:

Klawerhof vir die dameskosgangers; Die Lettie du Plessiseetsaal met kombuis; Die Johannes van Rooy-koshuis vir mans; Die Oosterhof-koshuis vir dames.

Nog meer grond is ook aangekoop:

Hier word veral gedink aan die 280 morge links van die Potchefstroom - Randfonteinpad omtrent twee myl van die Administrasiegebou geleë; 'n erf noord van die Johannes van der Walt-gebou van ongeveer twee morge; Die Fanie du Toit-sportterrein van ongeveer 12 morge; Van die Stadsraad is 'n skenking van ongeveer 11 morge ontvang waar die Johannes van Rooy-koshuis o.m. gebou is en wat in die toekoms die terrein vir manskoshuise sal wees.

Die groei van die Universiteit was dus werklik fenomenaal as al bostaande in aanmerking geneem word. Prof. Coetzee kan dus met reg die bouermeester van die Universiteit genoem word, en ons as studente is vandag trots op ons Universiteit wat in alle opsigte uitstekend vergelyk met die van ander universiteite. Nie alleen het die studentetalle en die geboue en terreine gedurende die tydperk uitgebrei nie, maar die personeel is ook verdubbel.

Prof. Coetzee gaan nou op 70 jarige leeftyd die tuig neerlê, maar hy is nog net so fiks as die dag toe hy die benoeming as Rektor aanvaar het. Hy het gedurende die tydperk van diens altyd 'n getroue vriend van die studente gebly. Hy kon hulle probleme so goed verstaan en het dan ook altyd as kampvegter vir die belange van die studente opgetree.

Prof. Coetzee is in hierdie grootse taak van hom getrou ondersteun deur mev. Coetzee wat ons ook as vriendin van die studente beskou.

Gedurende sy ampstermyn het prof. Coetzee ook twee reise oorsee onderneem, t.w. na Kanada en Engeland waar hy ons Universiteit by Universiteitskonferensies wat deur die Britse Gemenebes saamgeroep is met groot eer vir ons Universiteit verteenwoordig het.

Prof. Coetzee, ons studente bring hiermee hulde aan u en mev. Coetzee, en ons wil maar vertrou dat die Universiteit op die weg wat u aangewys het sal voortbou, en dat u nooit rede sal hê om in ons studente of die studente van die toekoms teleurgesteld hoef te wees nie. Ons sê vir u as studente baie dankie vir alles wat u vir ons Universiteit en ons studentegemeenskap beteken het. Mag u dan ook nou in die tydperk van rus die genoegdoening hê dat u die goeie stryd gestry het, en dat u die wedloop met sukses voltooi het.

Met die beste wense aan u en mev. Coetzee.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

TRANSVALIA MEUBELS

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# SENIORKONSERT VAN KONSERVATORIUM

**Die jaarlikse Seniorkonsert van die Konservatorium, waaraan die senior-studente van die Konservatorium deelneem, is Vrydagaand, 13 September in die Konservatoriumsaal gehou.**

Die belangstelling was baie swak, wat betreurinswaardig is, aangesien die standaard deurgaans besonder hoog was, en die studente besondere moeite gedoen het om hul goed voor te berei vir die konsert.

# Mej. E. Nolte Sorg Vir Grootse Uitvoering

**'n Student wat besonder goed vertoon het, was mej. Helena Nolte, wat gesorg het vir 'n grootse uitvoering van 'n orrelstuk van Karg-Elert, asook vir 'n tegnies-uitstekende voordrag van die Ballade in A mol van Chopin.**

**Besonder verrassend was die sangtalent wat dié aand getoon is—die suiwer stem van mej. Maryna Jacobs, die musikale en uitters gevoelvolle vertolking van mej. Irene Stavast, asook die baie geslaagde uitvoering van die moeilike „Erlkönig" van Schubert. Deur mej. Riekie Smith se vertolking van die aria „Che Faro" uit „Orpheus en Euridice" van Gluck, met miskien die mooiste stem wat ons hier in Potchefstoorm sien ontwikkel het, het volgens 'n dosent aan die Konservatorium, baie bygedra tot die sukses van die aand, asook tot die goeie naam van musiekonderrig aan die Konservatorium.**



**Mnr. C. P. VAN DER WALT**

## Staatsleer Toer

Sowat vyf-enveertig studente van die departement Staatsleer het onlangs 'n besonder leersame toer na Pretoria onderneem. Die toer het onder leiding van die hoof van die departement, mnr. C. P. van der Walt, en mnr. J. van Tonder gestaan.

In die Uniegebou is die groep deur een van die Republiek se uitgelese diplomate, mnr. Fourie, toegespreek oor die Republiek se huidige posisie in die wêreldpolitiek.

Die groep het ook besoek aan die Staatsdienskommissie afgelê waar hulle deur die adjunk-voorsitter toegespreek is oor die werksaamhede van die kommissie.

In die Provinsiale Administrasie se gebou op Kerkplein het die adjunk-sekretaris, mnr. Du Randt, die studente ingelig omtrent die werksaamhede van die Administrasie. Die groep is daarna deur die pragtige nuwe Administrasie-gebou geneem.

Die departement Staatsleer beoog om aanstaande jaar 'n toer na semi-staatsinrigtings te onderneem met besondere klem op die plaaslike bestuur, Yskor en Foskor. Met hierdie toer het die Staatsleer - departement weer bewys dat daar nie net op die teorie van 'n vak klem gelê moet word nie, maar dat daar ook 'n insig in die praktyk gekry moet word.

## Sal Dawie Dup Wêreldrekord Breek?

Die bestaande rekord vir bedstoot staan tans op 40 myl en die rekordhouers is 'n Engelse universiteit. Dawie Dup wil die rekord na 130 myl opstoot, wanneer vier spanne met beddens na Pretoria gaan stoot. Hierdie aanslag op die wêreldrekord word beoog net na die eksamen. Die manne sal die beddens van Potchefstroom oor Carletonville en Johannesburg na Pretoria stoot.

Verskeie instansies is al genader om behulpsaam te wees met uitvoering van hierdie poging: Rembrand se hulp is byvoorbeeld ingeroep om rookgoed aan die manne te verskaf. So is Coca-Cola genader vir die verskaffing van koeldrank, Edworks vir die ontwerp van spesiale skoene vir die reis en Wes-Transvaal Ingenieurswerke is gevra om wiele aan die beddens te monteer.

Daar sal altyd iemand op die bed lê gedurende die reis, twee stoot en een trek. So wil die brawe Pukke die lang tog aandurf om 'n aanslag te maak op die wêreldrekord wat dan sal staan agter die naam van die P.U. vir C.H.O.

## Oratorium Op Potchefstroom

**Die Skepping, 'n oratorium van Franz Joseph Haydn, word op 11 en 12 Oktober in die Totiussaal van die P.U. vir C.H.O. aangebied, deur die Konservatorium. By dié geleentheid sal die gesamentlike kore van die Universiteit, die Collegium Musicum en die Volksteaterkoor optree, met begeleiding van die S.A.U.K.-orkes, onder leiding van mnr. Eberhard Künkel, 'n dosent aan die plaaslike Konservatorium.**

**As soliste by dié geleentheid sal Jossie Boshoff, Gert Potgieter, en G. Burns optree. Die opvoering beloof van baie hoë standaard te wees. Diegene wat verlede jaar die opvoering van Gluck se Orpheus en Euridice" bygewoon het sal weet waartoe die Konservatorium instaat is, veral onder die besonder bekwame hand van mnr. Künkel.**

# Warm UIT DIE  OND

# WARM UIT DIE OOND OP DIE CAMPUS

**DIT was nie 'n wind van verandering wat die afgelope tyd oor die campus gewaai het nie—nee, dit was 'n siedende tornado van algehele omkering wat gewelddadig oor ons uitlêplek geswiep het. En wat het nie alles gebeur nie?**

Die bannelingregering van Koot de Jager (ja, hulle het mos sommige studentjies weerhou van hul kleurvolle lewe) het toe uiteindelik geabdikeer ten gunste van die penkopleier, Wit Stefaans en sy breker-trawante. 'n Uitgesproke klomp rewolusioniste en terroriste aan wie ons toekoms nou toevertrou is! (Maar die ou S.R. het darem konstruktiewe werk ook verrig—hulle het bv. die nuwe Varia-redakteur van die Wapad gekies. Ou Fanus Rautenbach het uitgeval). Gelukkig is daar in die nuwe S.R. darem die konserwatiewe element, wat die res ten alle koste op die beproefde ou weë sal hou — manne soos Swart Maarten, Oop Frans en Vaal Gerrit.

Stefaans en Anne sal nou ook nie meer so gemaklik en skromeloos agter die plantkunde lab kan lê nie—ja-nee, ou Faansie ,,uneasy lies the head that wears the crown". Probeer die nuwe Farmasiepaleis. (Ag meneer, die Redakteur, ek is jammer dat ek my so met die semels moet meng, maar die ,,Wapad"-leser moet dárem iets hê om aan te peusel!) En wie het nog nie die plantkundige frats voor die hoofgebou opgemerk nie? Sy teenwoordigheid word toegeskryf aan die aksie van een of ander bosmaniak. Sou dit 'n advertensie vir die ,,Besembos" wees, of word die honde op die Campus gekompenseer, nou dat die populierstompe verwyder is. Maar dit is eers voldoende wat hierdie onkruidpraatjies betref. O nee, wag, hier volg nog iets oor asters.

Op't Hoek (Die draadheining is nie om ongewenste elemente buite te hou nie, maar om die gewenstes binne te hou!) het by Over-de-Voor gaan teedrink. Hulle het gehoop om die ,,Huisgenoot" verteenwoordigers daar raak te loop, want een of ander tyd verskyn daar mos glo 'n Puk-artikel ook in.

Die verwagte verslaggewers en fotograwe het egter nie opgedaag nie, en die Puk se prestige is gered. Om algehele teleurstelling te voorkom, het die ,,Die Rasper" se misdaadfotograaf die ou klompie gaan besoek en 'n paar informele foto's, wat privaat ontwikkel sal moet word, is geneem, voordat die kamera gebars het. Die hele geselligheid het te midde van boerbeskuit en klassieke musiek nogtans baie genoeglik verloop.

Ons terrein het weer in gevaar toegeneem, want 'n hele klomp mense is verander tot proffies. Een het glo nou die dag by die nuwe Frans du Toitgebou (anderkant die Bib) opgeklim om te kyk hoe vorder die werk op die vierde verdieping, aangesien die staatsleer klaskamer glo daar gesetel gaan word. Hy het halfpad verdwaal en toe maar weer afgeklim.

En as 'n mens van proffies praat, dink jy onwillekeurig aan die wel aangename bloktyd, nou reeds in sig. Watergooi apparate word in gereeldheid gebring, slepe vermeerder soos entoesiastiese konyne en bekommernisse groei soos 'n klip —klippe groei nie!

Sleep is die belangrikste woord in bogenoemde paragraaf en kyk net hoe gaan dit hiermee aan die P.U. vir C.H.A.O.S.

Andries du Plooy het die katte by Klawerhof goed uit die boom gekyk en toe besluit dat hy Annalie Vorster sonder handskoene kon aanpak—Jy's nie kwaad nie, nê, Annelie—nie of jy 'n kwaad kat is nie—maar jy is nie vir my kwaad nie? Mooi.

Die geskiedenis herhaal hom sowaar. Lucille Twyman en Francois de Villiers se ou verhouding is afgebreek en 'n nuwe is in aanbou. Lekker saambou.

Schalk van der Merwe het geappélleer en advokate Sarie Barnard sal sy saak vir hom v e r d e d i g. Gaan jy wen, Schalk?

Fanie Nel (B l a c k i e) se Volkswagen het al byna die teer voor Kulu opgerol, maar telkens staan Bettie Enslin hom soos 'n Voortrekkermoedertjie en inwag. Lekker ry. As ek begin sleep, sal ek dalk vir my ook 'n Volkswagen koop en as ek wil gaan trou, en ek het baie geld, koop ek vir ons 'n motor!

Met die Thalia-toer het Reinie Monster begin kolf, maar voor die vernietigende boulwerk van Marianne Smit moes hy die kolf ingooi. Hy was uit vir twee "ducks".

Betsie Eckard toon deesdae 'n vreeslike voorliefde vir tennis, want met sulke tennissterre soos Johan van der Walt, kan mens nooit 'n stel aftrap nie—dink sy.

Lentekoors het veroorsaak dat Willem van Kralingen deesdae sy aandete (rooi worsies) in sy sak steek en soos 'n proesende bokkie afnael na Kulu. Toe—daar wag Marian Stander en nou ja, later eet sy seker ook maar wors.

Pietman Botha oefen nou sy langafstande aandeliks na Klawerhof toe, aangesien Susan Schutte glo die wenpaal is. Ons hoop nie dis 'n hindernis-wedloop nie, Pietman.

Baas Buys en Leen Dreyer sleep glo platonies. Ka-ka-ka, Aag, ou Baas, platonies beteken vir 'n slepery glad nie platonies nie. Ons neem julle nie kwalik dat julle die woord se betekenis verwerp nie.

Johan Sander sê Schutte bly maar 'n mooi van. Hy en Ce-Cilia Schutte se smeulende vuurtjie het nou blykbaar hout en parafien gekry. Moenie te veel parafien opgooi nie Johan —dan brand die vuur te gou uit.

As daar nou 'n paartjie is wat stil aangaan op hierdie plaas dan is dit Amanda Le Roux en George Blanche—'n mens weet maar jy sien nie. Raai wat weet 'n mens. Julle is gekys, pê.

Lee Booyens is besig om in 'n mitologiese figuur te ontwikkel, want sy voer gedurig stryd teen drake. Johan Jooste en Okkie van der Schyff moes dit ontgeld en reeds besluip 'n volgende haar. Sterkte, Lee.

Onder hierdie kategorie val ook Jorik Piso wat vir Johanna Malan aangekeer het. Sy reken egter hy is 'n Casanova.

Bernard Buys sleep nogal redelik vas met Trudi Coetzee. Moenie op julle laat wag nie en doen die ding—die kys.

En nou Puk-mans, kyk hoe word julle deur die Bult-hoërskool seuns in die ,,skande" gesteek. Die dogters wat in die arms van Pote-minaars geval het, is o.a. Vienie Steenekamp, (Ag ja wat Vienie, ek is sommer jaloers!) Maar moenie alleen voel nie, Vienie, want Maretha Bilgnaut en Frik van der Merwe van dieselfde oord, het ook die kys gedoen.

Maar gelukkig kan Pukmans ook kys. 'n Klein dametjie se vurige liefde het 'n groot man laat val—hy het haar sommer toegeval en groot woorde gesê —liefdeswoord, simpels. Mooi so, Caroline Sephton en Eliza Enslin.

Een van dié kyse van 1963 is beslis, die oulike een van Elsabé Wahl en J. Chris Jordaan. Jorrie, jy't die weddenskap gewen! Veels geluk.

Riekie Smit het toe haar sin gekry,
sy gaan in Paradys nou bly.
Dan kan sy saam met
Andries eet,
en sal hom so nie gou vergeet.

Vir die Klawerhof-dames het Babs van Niekerk en Pieter Keulder se kys beslis bottende en bloeiende gevolge, want Pieter voorsien Babs met soveel plantevoedsel dat sy dit kan bekostig om dit met haar buurvrouens te deel.

Chris Viljoen en Gretchen O'Grady het die alledaagse verhouding geïntensifeer en dit 'n kys genoem. Beteken dit nou dat jy "contacts" het in die administratiewe a f d e l i n g, Chris?

Jan Kruger (van Over de Voor) en wat het jy en Elna Bos gedoen? Gekys nê, Aag ja wat ou Jan, ,,go" dit uit.

Dries de Wet, ek noem jou en Chrissie Kruger se name ook maar hier onder die gekystes, want lyk my nadat 'n man so vas sleep dan is kys later 'n logiese noodsaaklikheid.

En natuurlik sal hierdie kyslys nie volledig wees as Johan Serfontein se naam nie genoem word nie. Arme ou Oom Lokomotief, weer ontspoor en 'n hewige konneksie—teen Petro Cilliers. Daardie kop-aan-kop botsing word natuurlik tot vervelens toe herhaal.

Koos Hattingh se bordwerkervaring het hom met meer takt laat optree en Hettie Krüger moet erken dat sy nie bestand was daarteen nie. Hou aan, want later word dit glo eers lekker, julle twee.

Flip van Coller se dierkunde studie het sy belangstelling in insekte so laat toeneem, dat hy nou met Mier Swanepoel allerhande proewe uitvoer.

Al julle gekystes en voornemende kysers hou die bal aan die rol en laat dit altyd beter gaan.

As voorspel tot die grofgeskut, net so 'n ietsie oor die pas afgelope ,,Operasie Spitskop" Elize Daimond, Lynette Lombard, Barbara Snyman, Neeltjie Seegers en Jerica van Aswegen se kursus in oorlogsvoering is met die vertrek van 53,000 soldate uit Potchefstroom op tragiese wyse beëindig. Wanneer hulle uit was op Maneuvers het die bloed soos ,,Army" pap deur hulle are gebruis. Lekker los! Arme soldate.

En nou verlowings:

Neels Buitendag en Freda Swanepoel. Baie geluk en voorspoed vir julle.

Ben Bierman en Desiré Joubert, laat dit julle baie goed gaan.

Jan (Boor) Kruger en Marie Pienaar het ook die eerste ring aangeskaf en ons weet sommer dit sal goed gaan met julle. Baie geluk.

Ook aan Frans de Bruin en Valerie Venter veels geluk met die verlowing en mag alles baie voorspoedig gaan.

Die Yank-asters kon met Jack van Wyk geen hond haaraf maak nie. Natuurlik nie, want 5 Oktober was dan hy en Irma Schoeman se troudag. Mag die gebonde lewe 'n baie gelukkige een wees.

Ds. Koos du Plooy, S.R. voorsitter 1961/62 aan die Puk, en Martie Goulding van Stilfontein reken ook dat die 5e Oktober 'n geskikte troudatum was. Alle mooi en goeie dinge op die pad wat voorlê.

En les bes — geagte vriende —ons wat nie sleep en/of spyker nie, ons kan nog lekker loop en rondkyk. Ja **kyk** kêrels, kyk want kyk is **VRY.**

Hiermee dan Wapadlesers, aangename kennis. Ek is 'n agterstevoor kleinseun van Onze Oom Lokomotief se tweede stiefma, (van sy groot oupa se kant)—'n geswore liberalis dus en sou nou 23 jaar oud gewees het. Maar was 3 jaar siek en ek is nou 17. Probeer die poging geniet en laat dit julle goed gaan tot 'n volgende keer. Baie sterkte en sukses met die komende eksamen.

STRAM STOFFEL.




**KOLLEGE KAFEE**

*GERIEFLIK NABY DIE UNIVERSITEIT*

Tomstraat 86 Tel.958

POTCHEFSTROOM

★ ONS VERSKAF ETES ★

Alles wat u hart begeer

**LA VOGUE**

*Die Besigheid van Kwaliteit*

Tel. 440 — Potchefstroom

**DIE BULT APTEEK**

TOMSTRAAT 86

Ons spesialiseer in:

* INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate
* Egte Franse DANA PARFUUM, en
* Aptekersbenodigdhede

*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste**

*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*

NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

**PAN COETZEE**

*Mans- en Sport-Uitrusters*

TEL. 899

POTCHEFSTROOM

★

P.U.-KLEURE MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

**FLEURETTE BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette

*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*

KERKSTR. 143 TEL. 709

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# die Wapad

Ons staan weer eens aan die begin van die termyn van 'n nuwe Studenteraad en verskeie nuwe besture. Die verkiesings is pas afgelope, en dit laat onwillekeurig 'n mens se gedagtes gaan na die tydperk voor die verkiesings. 'n Mens vra jouself die vraag af of alles wat gebeur het, geskied het in die Lig van God en tot sy eer. Het die studente van hierdie universiteit, die P.U. vir C.H.O., 'n inrigting enig en uitsonderlik in sy soort, hul pragtige leuse, IN U LIG, ten alle tye eerbiedig? Het die verkiesings wel gegaan om diens, of was dit 'n saak van individuele eer? Hoeveel bande van hegte vriendskap is nie dalk weer eens gebreek nie!

Elke student sal hierdie vrae teenoor homself en teenoor God moet beantwoord. Durf ons as studente van so 'n besondere inrigting vir hoër onderwys, mense van wie verwag word om alreeds selfstandig op te tree, wanpraktyke soos swartsmeerveldtogte en stemmewerwery toelaat? Mag ons, nieteenstaande daarvan, nogtans beweer dat alles wat ons doen, ons wel probeer doen tot eer van die Almagtige! Ons moet ongetwyfeld boor ons leuse kyk as ons met sulke dinge wil voortgaan.

Wat beslis baie nodig is, is vertroue in elke individu aan hierdie universiteit, vertroue in die magte wat oor ons gestel is, en bowe alles, vertroue in die God wat waak oor ons, en wat oor alles beskik. Daar bestaan wel ontevredenheid in sekere kringe, dog ons durf nie oor die feit heenkyk dat alles sekerlik aan sy wil onderwerp, en voortaan ons volle gewig inwerp by en ons steun verleen aan die liggame en besture wat bokant ons as massa gestel is, om toe te sien dat ons belange behartig word, en sekerlik dié belangrikste, om toe te sien dat alles in die studentelewe aan die P.U. vir C.H.O. geskied, getrou aan ons leuse—IN U LIG.

---

In die jongste tyd is Nusas onder druk bespreking, nie alleen aan studentefront nie, maar van alle kante. 'n Tyd gelede het 'n aantal van Nusas se lede bedank en dit is spoedig opgevolg deur nog meer. Die verwagting word gekoester dat nog meer studente met hierdie organsasie sal breek wat deur Kommuniste ondersteun word—nie dat alle lede van Nusas Kommuniste is nie.

Die Minister van Justisie het die afgelope naweek 'n beroep gedoen op die duisende studente wat verpligte lede van Nusas is, om met die organisasie te breek. Ook moet hulle meewerk om Nusas te beëindig aan universitiete waar dit nog bestaan. In 'n berig in die Transvaler blyk dit dat Nusas onder die dekmantel van diens aan studentegemeenskappe daarna streef om die grondslag van ons leefwyse in Suid-Afrika te ondermyn. Kortliks: Nusas is onpatrioties, links gesind, en Kommunisties gekleurd.

Heel gou na Nusas se stigting in 1924 het dit geblyk dat dit nie uiting gee aan die konserwatiewe begrippe van die reeds bestaande studentegemeenskappe nie en daarom breek verskeie universitiete dan ook dadelik met Nusas. Selfs Engelstalige universiteite word dwars in die krop gesteek deurdat Nusas ons universiteitsgrade in oorsese lande verkleineer en verklaar dat dit nie volgens standaard is nie. In die jongste tyd het hulle ook net kritiek vir die Suid-Afrikaanse regering. Nusas is beslis liberalisties, Kommunisties gesind. Die hoop en vertroue is uitgespreek dat die jeug van ons land met Nusas sal kan breek en dit die regte behandeling sal kan gee wat dit verdien. Geen Afrikanerstudent is 'n ware student as hy aan Nusas behoort nie. Sal ons dit kan doen?

---

## AANSOEKE VIR DIE POS VAN ADMINISTRATIEWE BEAMPTE VAN DIE STUDENTERAAD

Weens die bedanking van mnr. C. J. H. van der Walt, word nou weer aansoeke ingewag vir die pos van Administratiewe Beampte van die Studenteraad.

**Salarisskaal:**

Nie-gegradueerde amptenaar: R1440x108-1980x120-2460.

Gegradueerde amptenaar: R1764x108-1980x120-2700.

Inligting in verband met pensioenvoorregte, mediese keuring, ens., sal op aanvraag verstrek word. Meld vroegste datum waarop diens aanvaar kan word.

Aansoeke, tesame met gewaarmerkte afskrifte van sertifikate en twee getuigskrifte moet die Voorsitter van die Studenteraad voor Donderdag 31 Oktober 1963 bereik.

Verdere besonderhede kan by mnr. Fanie du Plessis, Uitspan 6, verkry word.

---

## In U Lig

# Onverhoorde Gebede!

**I Kon. 19:4b: ,,Dit is genoeg, neem nou my siel weg Here . . . "**
**I Kon. 19:7: ,,Staan op, eet, anders is die pad vir jou te veel."**

As 'n mens hierdie gedeelte van die Heilige Skrif lees, is dit of jy onwillekeurig teleurgesteld voel in Elia. Ons het Elia leer ken as 'n geloofsheld wat sy beste eienskappe toon en ontwikkel in die weg van stryd en oorwinning.

Dan die onverwagte—die held slaan op die vlug!

Die vurige stryder vir God en sy gebod sien nie meer kans om die stryd aan te knoop nie! Dit waarteen hy eers die stryd aangeknoop het, die uittarting van God, die aanbidding van die afgode, is nou die oorsaak van sy algehele ineenstorting.

Die refrein van Karmel weerklink nog in sy ore: ,,Die Here is God . . . " en nou word die poorte van Jisreël vir hom gesluit! Maar die ergste: God laat dit toe!

Dodelik vermoeid deur die lang tog, uitgeput deur honger en dors, gefolter deur die sonde van sy volk, sak hy onder 'n besembos neer!

Neem nou my siel weg Here . . . Elia wil nie meer lewe nie, hy wil los en verlos wees. Wat hy aan Isebel ontruk, wil hy graag aan God gee!

Op sigself is hierdie gebed bekoorlik deur sy kinderlike eenvoud. Hoe geskok en verward ookal in sy denke . . die heimweë van Elia se hart reik na God. Maar in hierdie gebed ontbreek juis die dankbaarheid (Fil. 4:6) en die blydskap in God. Elia wil **self** gaan bepaal wanneer sy taak afgehandel is. Hy wil in Gods boeke gaan lees en God voorskryf wat om te doen. In die woordjie **nou** lê sy ongeduld opgesluit. Dadelik!

Elia, die ongeduldige, stakende arbeider, nie meer die dienskneg wat alles opoffer vir die saak van God nie!

Dan antwoord God hom op sy gebed!

**Kyk** daar staan 'n engel by Elia. **Kyk** die engel is beskore om 'n nederige werk te doen, hy moet die dienskneg wees van die kneg van God! **Kyk,** die engel kom as bode van Hom wat ons sonde verwyder so vêr as wat die ooste is van die weste. **Kyk,** 'n glans van die heerlikheid van die Here, 'n openbaring van die liefde van Christus! Ons het ook 'n Hoëpriester wat medelye het met ons swakhede! God ken die pyn van Elia, Hy weet wat dit is om deur die owerhede van Israel vervolg te word. Christus ken die worsteling met die wil van God, die doodsangs, die spanning, die versoeking van satan!

Elia sê: Ek wil sterwe. God sê: Jy sal lewe! Staan op, eet!

Onverhoorde gebede!

Onder die drang van omstandighede wil ons ook dikwels hê dat God ons gebede **moet** verhoor. Hoe dikwels word ons nie opstandig as God ons gebede nie verhoor nie?

Dit is die wysheid van God wat Elia nie kon verstaan nie!

Neem nou my siel weg! En as God dit doen, wie sal die stryd teen die goddeloosheid in Israel voortsit?

Daarom: Staan op, eet! Elia se taak is nog nie afgehandel nie, daar wag nog werk! Geen ontslag uit die amp nie! Hy moet nog verder getuig en arbei vir God!

In ons onverhoorde gebede leer ons die wysheid van God ken!

Wil u weet van 'n gebed wat altyd verhoor sal word deur God?

Laat U wil geskied!

En wat is die vrug van hierdie gebed van Christus vir ons?

Dit: Ons weet nie reg wat ons moet bid nie . . . maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike versugtinge!

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BPK.**

*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497

H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

*PERSVERKLARING:*

# Afrikaanse Studentebond

**„Die huidige verset aan verskillende Engelstalige universiteite teen Nusas kan 'n nuwe bedeling in studenteverhoudinge in Suid-Afrika inlui," het die president van die Afrikaanse Studentebond, mnr. D. A. S. Herbst, die afgelope week in 'n verklaring gesê. ... ...**

Hy het verklaar dat 'n kentering na regs by die Engelssprekende jeug intree. Die vaderlandsliewende en konserwatiewe Engelssprekende student kan hom nie meer vereenselwig met die liberalisme en politieke ekstremisme van Nusas nie.

Wat veral aanleiding gee tot die reaksie teen Nusas is die liggaam se volgehoue kritiek teen die Suid-Afrikaanse Regering en sy beswadderingsveldtogte teen Suid-Afrika in die buiteland.

„Die onlangse poging van Nusas om 'n stempel van swak gehalte op Suid-Afrikaanse universiteitsgrade in die buiteland af te druk, suit die Engelssprekende teen die bors.

„Dit is duidelik dat Nusas die stryd wat hy in Suid-Afrika vinnig verloor, op oorsese bodem wil gaan voortsit. Tydens sy onlangse kongres het Nusas byvoorbeeld besluit om waarnemers te verkry op die kommunisties-beheerde Internasionale Unie van Studente.

„Nusas kan inderdaad vandag as die wortel van liberalisme bestempel word. Dit is derhalwe verblydend dat daar ook by Engelse universiteite 'n besef ontwaak vir die gevare wat aan hierdie politieke rigting verbonde is. Wie Nusas bestry verrig daardeur 'n weldaad aan sy land en volk.

„Die behoefte aan samewerking met eerbiediging van mekaar se taal- en kultuurregte kom tans ook sterk onder die studerende jeug na vore.

„Hoewel die A.S.B. nie sy funksie tot anderstaliges kan uitbrei nie, is hy ten gunste daarvan en ook bereid om hulp te verleen aan Engelstalige studente wat naas Nusas 'n eie studente-organisasie wil stig.

„Op konfederale vlak en met vaderlandsliefde as uitgangspunt kan die twee groepe dan in gemeenskaplike en tegniese aangeleenthede saamwerk.

Hierdie beskouing laat geen ruimte vir 'n samesmelting tussen die twee groepe nie, want dit sou kleurloos wees; dog dit eerbiedig mekaar se innigste lewenswaardes", lui die verklaring.

D. A. S. HERBST.

## Over De Voor Hou Verkiesing

Verlede Dinsdagaand was dit verkiesingsaand in Over de Voor. Die inwoners was almal in afwagting saam in die ontspanningsaal. Daar is van 10 nm. tot 12 nm. gestem alvorens die koshuis - verteenwoordigers vir die volgende jaar aangewys is.

Terwyl die stemme getel is, het die manne heerlik gesing. Na die finale stemming het die Huisvader, Mnr. C. P. van der Walt, die volgende name onder groot gejuig uitgelees:

A. G. Schutte (Voorsitter).
F. van der Walt.
J. Coetzee.
G. Scholtemeijer.

Hierna is die verkose persone sterkte vir die komende jaar toegewens.

## Minister Van Justisie In Potchefstroom

Die hoogtepunt van die Nasionale Strydweek is bereik op Saterdagaand, 14 September, toe Adv. John Vorster, die Minister van Justisie, 'n vergadering in die Potchefstroomse Stadsaal toegespreek het. Sy Edele is verwelkom deur 'n erewag van Puk-studente, wat die Lied van Jong Suid-Afrika gesing het.

Die Minister het veral sy misnoeë uitgespreek teenoor N.U.S.A.S. asook teenoor die meeste universiteite wat met dié organisasie geaffilieer is. Hy het dan ook 'n beroep gedoen op alle ouers om hul kinders van sodanige universiteite weg te hou. Hy het ook gesê dat hy geensins wil beweer dat almal wat aan N.U.S.A.S. behoort, Kommuniste is nie, dog wel dat alle Kommuniste aan N.U.S.A.S. behoort of op een of ander stadium aan N.U.S.A.S. behoort het.

Adv. Vorster het voorts sy volle vertroue in die Jeug van Suid-Afrika uitgespreek. Hy het ook melding gemaak van die besondere goeie gesindheid waarmee die Engelse bevolkingsgroep van die land die huidige regering toegedaan is. Die Engelse bevolkingsgroep weet nou, volgens die Minister, dat Suid-Afrika hul enigste vaderland is, en daarom het hy ook sy volle vertroue in die Engelse Jeug van die land uitgespreek, en besondere klem daarop gelê.

Na 'n baie geslaagde vergadering is die vergadering afgesluit met die sing van Die Stem Van Suid-Afrika.



**Prof. Schulze**

Professor Hans Georg Schulze, een van die oudste dosente aan die Puk, en sekerlik een van dié wat die langste diens aan ons universiteit agter die rug het, verlaat ons aan die einde van die jaar vir goed.

Professor Schulze was sekerlik een van die mees beminde professore aan die Puk, en sekerlik een van dié bestes op sy vakgebied in die land.

Ons wil hiermee teenoor Professor Schulze namens die Redaksie en namens die massa ons hartlikste dank uitspreek en hom toebid 'n baie geseënde verdere lewe. Mag God hom trou bewaar onder Sy vleuels van beskerming.

*MINISTER VORSTER VERKLAAR:*

## Daar Sal Teen N.U.S.A,S, Opgetree Word

Die Minister van Justisie, Adv. B. J. Vorster, het in 'n toespraak die 31ste Augustus 1963 te Pretoria gesê dat daar in die toekoms teen N.U.S.A.S. opgetree sal word. Hy het die begrip van algehele akademiese vryheid en rassegelykheid skerp gekritiseer. Hy beskou dit as 'n direkte teenstelling met die beleid van die Nasionale Regering. Die kern van sy toespraak is daarin geleë dat N.U.S.A.S. 'n onverantwoordelike organisasie is wat onvolwasse studente as lede het.

Verder het hy genoem dat die kandidaat wat die meeste stemme in Wits se onlangse Studenteraads - verkiesings gekry het, wat gebaseer was op Anti-N.U.S.A.S. basis, die organisasie as linksgesind bestempel het. Dit wil dus voorkom asof N.U.S.A.S. self beïnvloed is. Die beïnvloeding sal die waarskynlikheid van stappe teen N.U.S.A.S. deur die Minister verhoed.

Die toespraak van die Minister het baie kritiek ontvang. Die studente van die Kaapstadse Universiteit het verklaar dat hulle lede van N.U.S.A.S. is onder die verstandhouding dat dit geen politieke organisasie is nie. Verder verklaar hulle dat N.U.S.A.S. altyd sy deure vir studente van Afrikaanse Universiteite oopgehou het. Hulle wil dan ook van die Minister weet wat hy bedoel het met Akademiese Vryheid."

Tenslotte verwag hulle ook van die Minister om te verklaar wat verkeerd is met 'n organisasie soos N.U.S.A.S. wat probeer om in die praktiese behoeftes van die studente te voorsien en wat alle opinies van studente inagneem wat lede wil word.

# A.S.B.-Lentefees By Dam

Op Saterdagmiddag, 14 September, het jolyt hoogty gevier en is die akademie, ten spyte van die feit dat die Septembertoetse op hul felste gewoed het, opsy geskuif, toe die Pukke in hul massas opgeruk het na die Lentefees, wat ter viering van die 15-jarige bestaan van die Nasionale A.S.B. gereël is, en wat by die dam van Potchefstroom plaasgevind het.

Die President van die A.S.B. mnr. D. A. S. Herbst, het die verrigtinge geopen met 'n verwelkomingswoord aan die studente. Daarna is verskeie soorte Boeresport, o.a. toutrek en bootresies georganiseer, wat die middag baie snel en veral baie aangenaam laat verbygaan het.

Die hoogtepunt van die verrigtinge was beslis die ete, waartydens die aanwesiges getrakteer is op heerlike Boerewors, putu-pap en vars koffie. Die monde was toe ook besonder stil, deurdat die eetgoed die volle aandag in beslag geneem het.

Die plaaslike bestuur van die A.S.B. het hul besonder goed van hul taak gekwyt, en verdien beslis die besondere dank van die massa vir 'n baie genoeglike middag. Die massa spreek hul hoop uit dat dit beslis nie die laaste Lentefees sal wees wat deur die A.S.B. gereël sal word nie, dog dat dit bloots die begin van 'n vaste instelling sal wees.

Geagte Redaksie, vergun my om langs hierdie weg 'n paar bedankings te rig aan persone wat behulpsaam was met die reëlings vir die afgelope Lentedag.

Graag sou ek dan weer wens vir mnr. Cassie van der Walt, sonder wie se bystand en raad ons niks sou kon bereik het nie, te bedank vir gewilligheid om behulpsaam te wees asook vir al die moeite wat hy aangegaan het.

'n Woord van hartlike dank ook aan die Tweedejaars wat behulpsaam was — in die besonder dan aan Wilna Krüger, Mercia Venter en Hettie Krüger.

Baie dankie,
(Mej.) K. JORDAAN.
(Konvenor: Reëlingskomitee).

# Aanstellings Vir 1964

**Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit het die benoeming van ses nuwe professore goedgekeur.**

**In die plek van professor I. J. van H. Fourie wat Vrydag, 20 September aan 'n hartaanval beswyk het, is dr. J. A. Venter tot professor en hoof van die departement Engels bevorder.**


**Die senior lektore wat bevorder is, is dr. D. P. Erasmus tot professor in Handel, Geld en Bankwese, dr. J. A. L. Taljaard tot tweede professor in die departement Wysbegeerte, mnr. C. P. van der Walt tot professor in Staatsleer en dr. J. J. A. van der Walt tot tweede professor in die departement Musiek.**

**Mnr. J. H. Els, die hoofrekenmeester van die Landbouköoperasie van Nylstroom, word as professor in Rekening- en Ouditkunde in die plek van wyle professor Jan Grové aangestel.**

Die volgende persone is tot senior lektore bevorder: Advokaat J. A. Coetzee (Regte), Dr. J. Dekker (Skeikunde), mnre. W. J. de V. Prinsloo (Engels), D. J. Eloff (Sosiologie), mev. C. R. Heydenreich (Huishoudkunde), mnre. C. J. H. Krüger (Bantoe-tale), H. J. Schoonbee (Dierkunde), Dr. C. D Roode (Sielkunde), mnr. M. C. B. van Rheede van Oudtshoorn (Farmasie) en Dr. J. J. P. van Wyk (Plantkunde).



**DR. ERASMUS**



**DR. TALJAARD**

Tot lektore is bevorder mnre. J. A. du Plessis (Bantoetale), N J. Swart (Bedryfsekonomie), J. L. Aucamp (Dierkunde), J. W. Koen (Fisika—tydelik), M. J. H. du Plessis (Latyn), J. J. van Tonder (Staatsleer), G. H. J. Snyman (Volkekunde), P. E. van der Dussen (Ekonomie), H. J. Swanepoel (Kosteberekening), P. J. Heiberg (Opvoedkunde), N. T. van der Merwe (Wysbegeerte), en as junior lektore mnr. A. H. Grobler (Chemie) Mej. D. A. Turkstra (Sielkunde), en mnr. S. P. B. Hoogenboezem (Perswetenskap).

## Op Het Hoek By Over De Voor

Verlede Woensdag, die 25ste September, het die skone dames van die skone koshuis op die skone hoek 'n skone besoek gebring aan die inwoners van Over de Voor, op uitnodiging natuurlik. Tee (of was dit koffie) het gevloei. Eerstejaars het gesorg dat die eetgoed bedien word.

In die heerlike atmosfeer het daar toe 'n fotograaf en 'n joernalis opgedaag om artikels te skryf en foto's te neem van die Puk, vir die blad „Die Huisgenoot". Met 'n kamera sonder lens, sonder film, sonder „flits", het hulle hulleself baie goed van hulle taak gekwyt en gesorg vir heerlike gelag (totdat 'n ware kamera hulle afgeneem het).

Net voordat die skone dames Over de Voor verlaat het, het ons soldate-bure ons verras met 'n badskottel vol wors.

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

# Staatsleerdinee In Queen's Hotel

,,Te min jongmense is vandag in Staatsleer geskool,'' het die Adjunk-Minister van Arbeid, mnr. Marais Viljoen, Vrydagaand, 7 September, tydens die Staatsleerdinee in die Queen's Hotel gesê.

Die dinee is deur sowat 80 studente asook mnr. Cas Greyling, L.V. vir Ventersdorp, en die waarnemende Rektor, Prof. H. J. J. Bingle, bygewoon.

,,Die Staatsleerdepartemente aan Suid-Afrikaanse universiteite lewer nie hul kwota vir die politieke bestuur van die land nie. Dit is die plig van elke student om sy kennis te gebruik tot voordeel van sy land; elke student sal ook sy kans kry, want Suid-Afrika staan op die drumpel van skouspelagtige ontwikkeling'' aldus mnr. Viljoen.

,,Een van die grootste take wat op studente wag, is om 'n oplossing te vind vir Suid-Afrika se grootste probleem — die Rassevraagstuk. Om dié probleem op te los, moet studente hulself deeglik voorberei in die politiek, ongeag aan watter politieke party hul ookal mag behoort'', het mnr. Viljoen voorts gesê.

Die Adjunk-Minister het verder daarop gewys dat 70% van alle Suid-Afrikaanse studente wat in Engeland studeer, gewoonlik besluit om daar te bly, en nie na die Republiek terug te keer nie. ,,Hierdie erosie van ons mannekrag kan nie so voortgaan nie.''

Die dinee was verder 'n groot sukses, en al die Staatsleerstudente sien alreeds uit na 1964 se dinee.

## Verkiesing In Dawie du Plessis

Donderdag die 19de September het die jaarlikse huiskomitee-verkiesing van Dawie du Plessis plaasgevind. Dit was duidelik dat daar 'n wedywering tussen Dawie Dup-Suid en -Noord was, soos blyk uit die uitslag:

Mnre. Paul Steyn (Pa), Kobie van der Walt (Sekr.), en George Geldenhuys van Suid is verkies terwyl mnr. Klaas Heystek van noord verkies is.

Aan die nuwe komitee ons hartlike gelukwense en aan die die afgetredende komitee ons dank vir hulle onbaatsugtige werk.


*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*

**BOUQUET**

**BLOEMISTE**

Johan Dreyer-gebou Tel. 2002

POTCHEFSTROOM


## Thalia Dinee

Die jaarlikse Thalia dinee wat op die 1ste September 1963 in die Queen's Hotel gehou is, was die einde van 'n baie aangename en geslaagde toer. Die geselskap het vir vyf weke deur Suidwes getoer met die toneelstuk, Die Drie Van der Walts.

Die indruk wat geskep is deur die paslike versiering van die dineesaal het elke toerlid weer na Suidwes laat verlang. Die persone wat verantwoordelik was vir die versiering het baie goed daarin geslaag om 'n groot sukses van die dinee te maak. Die aand is in 'n aangename stemming deurgebring.

Onder die eregaste teenwoordig was o.a. mnr. S. du Toit en sy gade, prof. T. T. Cloete en sy gade, die S.R.-voorsitter, mnr. S. J. du Plessis en sy gesellin, die vorige S.R.-voorsitter en mnr. J. J. de Jager en sy gesellin. Dan was daar ook tant Dollie de Beer, die reismoeder en mnr. N. Enslin en sy gesellin.

As seremoniemeester het mnr. R. Monster telkens die lagspiere met sy raak sêgoed geprikkel.

# Over De Voor Hou Hul Eerste Dinee

Twee honderd gaste het Dinsdagaand 1 Otober 'n uitstekende afskeidsdinee in Over de Voor bygewoon. Die vertrekkende studente kon nie gewens het om op 'n beter manier van hulle Alma Mater afskeid te neem nie.

Die dinee, wat die eerste jaarlikse afskeidsdinee was wat in Over de Voor plaasgevind het, het 'n baie hoë standaard daar gestel wat seker moeilik gehandhaaf sal kan word in die toekoms. In alle opsigte het dit baie duidelik geblyk dat moeite nie ontsien is nie, en vir die smaaklike geregte en uitstekende rangskikkings kom alle eer die matrones toe onder die bekwame leiding van mev. Viljoen.

Prof. H. G. Schulze, wat hierdie jaar die rype ouderdom van 70 jaar bereik, nadat hy reeds 44 jaar op die personeel van die P.U. vir C.H.O. verbonde is, was die hoofspreker. Met sy toespraak en heildronk op die vertrekkendes en die koshuis, het dit duidelik geblyk waarom hy deur al die jare deur almal met soveel agting bejeen is. Sy bemoedigende woorde vir die toekoms en veral in die duister eksamentye was werklik 'n besieling vir elke student. Ons wil dan ook hoop dat hy 'n uiters aangename toer deur Europa sal hê aanstaande jaar nadat hy na vele jare uitspan vir 'n welverdiende rus.

Die geregte was heerlik en die sprekers het telkens lagbuite ontlok, veral die seremoniemeester met pittige bekendstellings van die sprekers. Lou van Wyk het 'n woord gerig vir die vertrekkendes.

Hennie Badenhorst het met 'n sangsolo, as bydrae van die eerstejaars wat ook die dinee bygewoon het, die dinee nog beter laat ophelder.

Soos gewoonlik het die huisvader, mnr. C. P. van der Walt die gewone welsprekenheid aan die dag gelê en die eregaste en gaste ens. op passende wyse aangespreek. Mnr. Scholtemeijer het op gepaste wyse die huisvader geluk toegewens met sy aanstelling as Professor.

Na die nagereg is die dinee afgesluit met toesprake deur die huiskomitee voorsitters, Gerhard Schutte die nuwe, en Piet Bingle, aftredende voorsitter.

Geskenke is uitgedeel aan die huismoeders, die aftredende huiskomitee en die ouboete van die eerstejaars, waarna mnr. Frans de Bruyn die dankgebed waargeneem het.


*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

**Mooi Wintermateriaal**

★

**Nomotta-wol in Voorraad**



*,,LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . .''*

*,,EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . .''*

*Besoek*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

Allerlei

- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

Tel. Nrs. **12 en 2582**

Kerkstraat 122 Posbus 171


Geagte Redakteur,

Ek het onlangs die Regs-Intervarsity tussen studente van die P.U. en U.O.V.S. bygewoon. Dit het die vorm van 'n skynhof aangeneem en was besonder interessant.

Daar was egter iets wat na my gevoel nie heeltemal reg was nie. Van die persone wat aan die ,,hofsitting'' deelgeneem het is verwag om die eed af te lê soos wat dit in die gewone howe die geval is. M.i. het ons hier te doen gehad met 'n ydele gebruik van die naam van God. Dit was tog seker nie nodig dat daar telkens by die Naam van God gesweer moes word dat die waarheid gepraat sou word nie, terwyl die hele gebeure tog eintlik ver van die waarheid was, want as ek reg onthou was die saak wat gedien het 'n opgemaakte saak en het daar dus eintlik nooit so iets plaasgevind nie. Hoe durf 'n mens dan by die waarheid gaan sweer?

Tog kan ek darem nie nalaat om die optrede van die leiersfigure in ons koshuisgemeenskap hier aan te wys nie. Die betrokke persoon het sekerlik die regte voorbeeld gestel deur nie die eed af te lê nie, maar alleen te sê dat hy die waarheid sal praat.

Gelukkig dat ons darem ook sodanige persone het.

Dankie vir plasing,

LOURENS AUCAMP.

Die geagte briefskrywer sien die saak heeltemal juis in, en daar word volmondig met hom saamgestem.

Dit is dan ook gebruiklik dat die Regsvereniging by skynhowe nooit die amptelike eed laat aflê nie. Wat egter by die Skynhof teen U.O.V.S. gebeur het, was dat ter wille van onpartydigheid, persone van die Regspraktyk in die dorp, wat buite die studentegemeenskap staan, gevra is om as regters op te tree. Hulle was nie bewus van die feit dat ons nie by skynhowe die amptelike eed neem nie, en het dit aanvanklik op amptelike wyse gedoen. Dit is egter onder hulle aandag gebring dat dit nie by skynhowe gebruiklik is nie, en dat hulle dit moet staak, wat dan ook gebeur het.

Gevolglik is toe net aan die getuie gevra of hy belowe om die waarheid te praat.

IG. VORSTER.

# Dr. M. A. Heyns Onthaal Die Studente

Verlede Saterdagaand is 'n groepie studente deur Dr. en mev. Heyns na 'n geselligheid by hulle woning uitgenooi. Verskeie studente het hierdie geselligheid bygewoon.

Later die aand het die Studenteraadsvoorsitter, mnr. S. J. du Plessis, 'n woord van hartlike dank en waardering, namens die massa van die P.U. vir C.H.O. tot Dr. en mev. Heyns gerig. vir hulle opregte belangstelling in die studente-aktiwiteite. Dr. Heyns is ook bedank vir die wyse waarop hy die belange van die P.U. vir C.H.O. op die munisipaliteit behartig het.

Op tradisionele wyse het mnr. Ig. Vorster 'n pittige toespraak gelewer wat die gaste telkens laat skater het.

# Die Alabama-dinee

Alabama het vanjaar sy jaarlikse dinee op Saterdag 21 September in die Queen's Hotel ghou. Onder die 64 gaste teenwoordig was o.a. mnr. en mev. S. du Toit, die reisouers, dr. en mev. S. Postma, skrywer en regisseur mnr. Nesco du Toit, verlede jaar se voorsitter mnr. Naas Raubenheimer en sy gesellin.

Op die heildronk wat mnr. Raubenheimer op Alabama ingestel het, het hy teen 'n liberale gees, wat besig was om kop uit te steek in die geledere van Alabama, gewaarsku. Hy stel egter nog groot vertroue in Alabama vir die toekoms en hoop dat hulle tot nog groter hoogtes sal reik.

Mnr. Enslin het in sy antwoord op die heildronk op Alabama gesê dat die platteland sy bekoring vir toergeselskappe verloor het aangesien die publiek 'n toergeselskap assosieer met 'n verskeidenheidskonsert. Die publiek het meer kultuurbewus geword en soek nou na iets van goeie gehalte.

Die skrywer en regisseur, mnr. Nesco du Toit, het die voltooiing van die metamorfose wat Alabama besig is om te ondergaan, gesien in die lig van aanbieding van programme deur 'n amateur groep wat sal kan meeding op professionele gebied.

Die genoeglike aand is met Sing Songs afgesluit. Ongelukkig, altans vir een van die weermagmanne, glo Alabama ook aan soewereiniteit in eie kring en toe hy op die laaste oomblikke by die dineesaal inbars het hy amper tweede gekom.

## A.S.B.-Hoof-Bestuur Vergader Op Puk

Die hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond hou sy tweede vergadering van die nuwe termyn op 18 en 19 Oktober aan die P.U. vir C.H.O.

Onder die vernaamste sake wat bespreek sal word, is 'n Studente - identifikasiekaart waardeur afslag vir Studentekopers by sake-ondernemings bewerkstellig sal word.

Die implikasie van die onlangse bedankings uit N.U.S.A.S. en die A.S.B. se taak t.o.v. 'n patriotiese Engelse Studenteorganisasie kom ook op die agenda voor.

# Aan Die Jukskeifront

Op die jukskeibane gaan die Pukke vanjaar weer net so bedrywig wees as in die verlede. Die eerste skote van die liga het reeds op 21 September geklap toe drie mansspanne en een damespan teen Strathvaal en Spoorweg kragte gemeet het.

Die dames A-span onder leiding van Debbie Eloff het hulself deeglik laat geld deur albei hulle wedstryde te wen. Teen Spoorweg het hulle naelskraap met 8—7 die pyp gerook en het ook die sterk Strathvaalse span met 9½—5½ baasgeraak. Die mans A-span kon nie op dreef kom nie en het teen Spoorweg met 10½—4½ verloor terwyl hulle teen Strathvaal 'n pak slae van 13—2 op die lyf geloop het. Die mans B en C spanne het egter ook albei hulle wedstryde gewen en sal in die toekoms moeilik geklop word.

By alle spanne is 'n gebrek aan wedstrydoefening te bespeur en met hierdie struikelblok uit die weg geruim, gaan daar nog baie van die Pukke gehoor word. Daar is nogtans 8 Pukke gekies om vir die Potchefstroom Wyksbond te speel tydens die Wyksbondsaamtrek wat verlede Saterdag op Potchefstroom plaasgevind het. Met staatmakers soos Jerry van Vuuren, Tjaart van der Walt en Debbie Eloff wat nie beskikbaar was nie, sou die Puk se aandeel in die wyksbondspanne aansienlik meer gewees het.

Die ligawedstryd word op Saterdag, 5 Oktober voortgesit terwyl die eerste keuring om spanne te kies wat Wes-Transvaal op die Tienie van Schoor en Uniale Toernooie moet verteenwoordig, op 10 Oktober op Klerksdorp plaasvind.

## Professor Smith Bestuurder

Prof. D. P. J. Smith van die Puk is aangewys as Suid-Afrikaanse bestuurder van die atletiektoerspan van die Wes-Duitse studente wat van 11 Oktober tot 8 November 'n besoek aan ons land bring. Hy is die afgelope ses jaar voorsitter van die Suid-Afrikaanse Universiteite se Atletiekfederasie.

Howel die Duitse span deurgaan onder die naam van studentespan, is dit nog geen uitgemaakte saak dat die span net uit studente sal bestaan en of ander bekende atlete ook die span sal vergesel nie. Die toerspan sal aan die volgende byeenkomste deelneem: Teen Tukkies in Pretoria; teen Wits in Johannesburg (aan bogenoemde twee byeenkomste sal die Pukke ook deelneem); teen Kovsies en Natal in Bloemfontein; teen Rhodes in Port Elizabeth; teen die Ikeys en Maties in Kaapstad; terwyl die toer sy hoogtepunt bereik op 2 November, wanneer die toerspan teen 'n span van die Suid-Afrikaanse Universiteite (die Proteas) op Potchefstroom te staan kom.

Alle korrespondensie en nuus wat deur die massa ingestuur wil word, moet gerig word aan:

DIE REDAKTEUR,
DIE WAPAD,

en kan in die posbus van **Die Wapad** geplaas word.

# *Wes-Transvaal Hokkieliga Wenners*



AGTER: Johan Vorster, Roger Stotesbury, Koos van Wyk, Louis Verhoef, Peet Aucamp, Jan Boneschans.

MIDDEL: Jakkals Reinecke, Jaap Verhoef, Lourens Aucamp, Piet Kempff, Frik Buys, Jan Ras (Kaptein).

VOOR: Daan Meyer, Frik de Beer, Koenie Nel, Petrie Coetzee.

**(Foto: Fotokuns)**

# JUDOKLUB VAAR UITSTEKEND

Die P.U.-Amateur Judoklub het die afgelope seisoen uitstekend gevaar, en het die eerste sowel as die tweede liga gewen. Die wedstryde is soos volg beslis:

P.U. wen Strathvaal met 7 punte teenoor 0. Die volgende wedstryd was teen Kodokan waar P.U. die oorwinning behaal het met 8 punte teenoor 3. Daarna het P.U. teen Trans-Agric geveg en, met 7 punte teenoor 3 as oorwinnaars uit die stryd getree. Die laaste wedstryd van die Puk se A-span was teen P.O.K. waar Puk die oorwinning met 11 punte teenoor 3 behaal het. So het P.U. dan die eerste liga gewen.

Die P.U. se B-span het die tweede liga met agt punte teenoor ses teen P.O.K. gewen. So het P.U. dan al die ligabotsings met 'n groot totaal van een-en-veertig punte teenoor vyftien van die ander spanne gewen.

Op Saterdag die 21ste September het die klublede gegradeer. Die volgende persone het gegradeer:

C. Jordaan, groen; S. van der Walt, groen; T. Cronje, oranje; T. Lourens, geel; F. de Beer, geel; W. van der Merwe, oranje; M. Roode, blou.



**Op die gebied van gimnastiek het die Puk hierdie jaar ook baie goed gevaar en verskeie toere onderneem.**

(Foto: Fotokuns)

**AJAX**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

# *Die Triomf Span Na Parys*



AGTER: Neels Beytendach, Jan Kruger, Dave Tromp, P. S. V. van der Walt.

MIDDEL: George Simpson, Hennie Coetzee, Joof Otto, Roelf du Plessis, Gerrit Woest, Koos Erasmus.

VOOR: Dok Briers, Piet Vorster, Hans van Zyl (Bestuurder), Jan Ackerman (Kaptein), Riem Marais, Dewald Steyn.



*Dit is die snit wat tel . . .*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. Tod Suttie**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 1

**GIESELA MAIWALD**
*Fotograaf en Fotografiese Dienste*
TOMSTRAAT 100 —— POTCHEFSTROOM

# Puk Se Atlete Presteer Op Klein Dalrymple

**Die atletiekspan van die Puk het verlede Saterdag, die 28ste September, op Pretoria tydens die Noordelike Universiteite se atletiekkampioenskappe bo verwagting goed gevaar. Hulle het tweede geëindig na Tukkies, met U.O.V.S. derde en Wits vierde.**

As 'n span het die Pukke 'n besonder goeie indruk gemaak, en in twee nommers byvoorbeeld drie van die eerste vier plekke verower. Hentie Joubert (nog taamlik onfiks) het die 440 treë gewen met 'n tyd van 51 sek., met Kotie de Jager, wat na twee jaar weer sy verskyning op die baan gemaak het, derde en Danie van Wyk vierde. In die 100 treë vir mans het Pietman Botha 'n tweede plek behaal in 9.9 sek. terwyl Groot Willie le Roux en Gertjie Zwarts derde en vierde respektiewelik geëindig het.

Ander individuele prestasies was kortliks die volgende. Willie le Roux het op skitterende wyse die 220 treë hekkies sowel as die 440 treë hekkies gewen met tye van 24.7 sek. en 55.5 sek. respektiewelik. In laasgenoemde nommer het Piet van der Linde derde geëindig, terwyl hy in die 120 treë hekkies 'n tweede plek behaal het. Die driesprong is gewen deur Etienne van Loggerenberg met 'n sprong van 45vt. 9.5 duim.

Onder die dames het Rina Alberts mooi genael en die 220 treë gewen in 26.7 sek.—in die honderd treë was sy tweede en in die 80 meter hekkies derde na Elrien van Deemter, wat tweede was.

In die aflos-items het die Puk skoonskip gemaak. In die mans 4 x 110 treë-aflos het die Puk A-span 'n naelskraapse oorwinning oor U.O.V.S. behaal, terwyl die B-span derde was. Die dames 4 x 110 treë-aflos is op skitterende wyse deur die Pukke gewen.

Ander atlete was plekke verower het, is die volgende: Baas Buys derde in die 880 treë (tyd 2 min. 0.3 sek.); Jurg van der Walt derde in die myl; Leendert Snyman derde in die driemyl; Piet Wolmerans tweede in die hoogspring; Koos Hatting derde in die hoogspring en in die werpskyf; Mejj. L. Human en A. Richter derde in die spiesgooi en gewigstoot onderskeidelik.

## Die Skermklub Maak Hul Debuut

Die P.U.-Skermklub het op Saterdag, 7 Sept., 1963 hulle debuut gemaak tydens 'n wedstryd teen die Johannesburgse Onderwys Kollege. Die Pukkies is verteenwoordig deur 'n mans- en damesspan bestaande uit:

Mej. M. van Drimmelen.
Mej. H. Teurlinckx.
D. Kühn.
N. Coetzee.
S. Steyn.

Alhoewel die mans 6—3 en die dames 3—1 verloor het, het die Pukke 'n goeie vertoning gelewer en word daar 'n herontmoeting in die vooruitsig gestel.

## WATERPOLO

Op 4 Oktober het die swemklub hul eerste wedstryd teen Normaal in die swembad van Normaal gespeel.

Dr. Dekker wat die span afrig het self al in die Proteaspan as midvoor gespeel. Onder sy bekwame afrigting behoort die span dus goed te vaar in die Wes-Transvaal Liga.

Groot verwagtinge word egter gekoester omtrent die Intervarsity in Kaapstad waar teen die sterk spanne van Wits en Pretoria gespeel sal word. Piet en Johan Venter sal dan kan toon wat hulle werd is as staatmakers om doele vir die span aan te teken. Die bestuur van die swemklub beoog ook 'n interkoshuisgala in die aand as die ligte by die swembad gereed is, om sodoende meer talent in die klub te kry.

## EERSTE MANSHOKKIESPAN WEN WES-TVL. HOKKIELIGA

Nog 'n seisoen is verby waarna die P.U. Manshokkieklub met trots kan terugkyk. Nadat die liga in 1960 laas deur die Pukke gewen is, het hulle vanjaar weer daarin geslaag om bo aan die punteleer te eindig. Alhoewel dit maar net een punt voorsprong bo die volgende span was, het die Pukke tog verdien om te wen.

Daar is 36 doele aangeteken in 15 wedstryde, 19 daarvan deur Peet Aucamp. Die opponente het 21 doele geslaan.

Manne wat verdienstelike spel vanjaar gelewer is: Jan Ras, Peet Aucamp, Gert Snyman, Roger Slotesbury, Koos van Wyk en Johann Vorster.

In die laaste twee wedstryde van die seisoen het die eerstespan, ten spyte daarvan dat die gereelde spelers nie beskikbaar was nie, eers vir Pote 5—4 (rustydtelling 1—4) en toe vir Klerksdorp 2—1 gewen. Die wedstryd teen Pote was van hoogstaande gehalte. Die Pukke het die eerste helfte ietwat gesukkel maar in die tweede helfte voete gevind en die Pote heeltemal oorskadu. In die wedstryd teen Klerksdorp was die manne ongelukkig want hulle het deurgaans gebiedsvoordeel geniet.

Die klub verloor 'n paar ervare spelers vanjaar, o.a. Matie Rossouw, Japie Verhoef, Johann Vorster, Jan Boneschans, en Jan Ras.

Die Manshokkieklub sal Jan Ras mis want hy het die afgelope 5 jaar gereeld vir die eerstespan diens gedoen. Die laaste drie jaar het hy dan ook as kaptein gedien. Hiermee wil die Manshokkieklub dan ook vir Jan Ras bedank vir sy bekwame leierskap en troue diens gedurende die afgelope jare. Hy het voorwaar baie beteken vir ons klub.

## Afsluitingsfunksie

Op Dinsdag 8 Oktober om 5 nm. hou die P.U.-Rugbyklub sy afsluitingsfunksie op die Oude Molen.

Die Rektor, prof. J. Chris Coetzee, sal ook aanwesig wees, aangesien die Rugbyklub dan ook afskeid van hom sal neem, as gevolg van sy aftrede aan die einde van 1963. Ander belangrike persoonlikhede wat ook teenwoordig sal wees, is mnre. Piet Bosman en M. C. Serfontein, die Voorsitter en Sekretaris onderskeidelik van die W.T.R.U. By dieselfde geleentheid sal die Tokkie Coetzee-Wisseltrofee ook aan die Dorpspan, die wenners van die Koshuisliga, oorhandig word. Mnr. Tokkie Coetzee sal ongelukkig nie self hier kan wees om die beker te oorhandig nie.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
Kies
FOTOKUNS
vir
PORTRETTE
en
GROEPFOTO'S
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185



*VOOR (v.l.n.r.): Hans van Zyl (Bestuurder), Piet Venter, Dewald Steijn, Bennie de Klerk.*
*MIDDEL: Gregoire Aucamp, Johan Siebert, Richard Ingram, Kop Botha, Piet van der Schyff (Kaptein).*
*AGTER: Gouws Oberholzer, Louw Erasmus, Piet Vorster, Jona Viljoen, Dries Redelinghuys en Solly van Vuuren.*
*HEEL VOOR: Die Tokkie Coetzee-wisseltrofee.*
*AFWESIG: Gerhard Smit, H. van der Merwe.*

# DORPSTUDENTE WEN KOSHUISLIGA

**Die Dorpspan tree vanjaar onoorwonne uit die koshuisliga en verower daarmee die Tokkie Coetsee-wisselbeker. Die liga is vanjaar vir die eerste keer ingestel.**

Die reeks het soos volg verloop:

| | |
|---|---|
| Johannes van Rooyhuis wen teen Dawie du Plessishuis | 10—8 |
| Dorp wen teen Heimat-kompleks | 11—10 |
| Johannes van Rooyhuis wen teen Heimat-kompleks | 8—5 |
| Dorp wen teen Johannes van Rooyhuis | 12—3 |
| Dorp wen teen Dawie du Plessishuis | 14—5 |

Dorp het daarmee onteenseglik sy baasskap bewys deur met aldrie die koshuisspanne af te reken.

Die wedstryde is deurgaans deur harde spel gekenmerk. Veral die laaste wedstryd, nl. dié een tussen Dawie du Plessishuis en Dorp was 'n taai stryd, met Dorp wat voortdurend op die aanval gebly het en byna deurentyd 'n gebiedsvoordeel geniet het. In die guns van Dawie Doep moet gestel word dat hulle erg deur die bedrings van Spekkies de Villiers, Johan Serfontein, Kobie van der Walt en Koos Hattingh gekortwiek is. Dit is egter te betwyfel of hulle die Dorpenaars, wat op hulle beurt sonder die dienste van Jan Kruger moes klaarkom, selfs met hierdie staatmakers sou kon klop, aangesien Dorp oor 'n baie goed gebalanseerde span beskik het wat onder die bekwame leiding van Piet van der Schyff met besieling gespeel het.

As uitblinkers vir die ligawenners moet die name van Piet van der Schyff, Jona Viljoen, Bennie de Klerk, Kop Botha en Solly van Vuuren genoem word. Dit is egter nie maklik om uitsonderings te maak nie omdat elke speler met uithalerspel vorendag gekom het. Smithie was gedurig op soek na jakkalskos, terwyl hy ook in die vaste spel nie sy lyf weggesteek het nie.

Aan Dawie Doep se kant het Jan Ackermann en Danie van Wyk 'n bars gespeel. Dit is beslis nie hulle skuld dat Makouvlei nie die mas opgekom het nie.

Verblydend was om op te merk dat die Puk oor genoeg „reserwe"-krag beskik. As manne soos Gouws Oberholzer, Gerhard Smit, Gregoire Aucamp, Roedie Loretz, Johan Siebert en Kop Botha aktief aan rugby wil deelneem, kan hulle vir die Puk veel beteken. Daar is ook oorgenoeg belowende jong spelers en andere wat nie vanjaar gespeel het nie, maar volgende jaar van voornemens is om die wêreld op rugbygebied aan die brand te steek. 1964 kan maklik 'n gloriejaar wees. Volgens die wet van gemiddeldes is dit ook hoog tyd.

# Piet Goosen Kans Op Springbokkleure



In die botsing op 14 September tussen Pote, Dorp en die P.U. ?Stoeiklub het Piet Goosen weer solied vertoon. Piet en Kwakkie van Schalkwyk het altwee met 'n val gewen, Lion Wolmarans, Frank Laubscher en Jurie Viljoen het met punte verloor het en Basjan Jacobs met 'n val. Piet Goosen, die kaptein van die stoeiklub het vanjaar al baie prestasies gelewer. Op 14 September het hy die Middelgewigtitel van S.W.-Transvaal van die Springbok De Gouveia met punte oorgeneem, Frank Laubscher het derde geëindig in die Liggewigafdeling wat eintlik ook Piet se afdeling was. Op 5 Oktober gaan Piet probeer om S.A.-Middelgewig - kampioen te word, en S.A. te verteenwoordig op die Olimpiese-spele. Ons hoop dat Piet hierin sal slaag en sodoende die eerste is wat in sy studentetyd Springbok geword het.

## Mossie Maar Man

Uitspan, op een na die kleinste manskoshuis op die Puk, het sy slag met die sokkerbal deeglik bewys deur onoorwonne uit die stryd te tree in die Interkoshuis-sokkerliga.

Die tellings wat hulle in die onderskeie wedstryde behaal het, is soos volg:

Heimat 0, Uitspan 4.
Dawie Dup-Suid 2, Uitspan 3
Fisika Departement 1, Uitspan 3.
Dawie Dup Gekombineerd 2, Uitspan 2.

Soos blyk uit die tellings is die grootste teenstand ondervind teen die gekombineerde span van Dawie Duplessis-Noord en Suid.

Al die wedstryde was vriendskaplik en het in 'n goeie gees plaasgevind.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

Die Bruidshoekie
Die winkel vir die Bruid en haar gevolg
TELEFOON 315 KERKSTRAAT 106